Alternative Structures (Edms)Bpk
Techno Complex 9
Venturi singel 54
Hennopspark
Centurion
TEL : 012 653-5111
Faks : 012 653-5014
Sel : 082 554-9508
Web: www.altstructures.co.za

Infobrief **36** (Jul 2004)

"AS ALLES ONDER BEHEER IS, BEWEEG JY NIE VINNIG GENOEG NIE"

Mario Andretti

Kom besoek ons by die Interbuild uitstalling 4-7 Augustus 2004, Expo Centre Nasrec - wes van Johannesburg.

Anti-Split plate:

- Rondo-Grips® - die reeks is nou volledig met groottes wat wissel van 50mm tot 210mm (50mm ; 70mm ; 90mm ; 110mm ; 135mm ; 155mm ; 180mm ; 210mm). Reghoekig plate is beskikbaar in die grootte wat u nodig het.
- Het u soms pale met diameters groter as 251mm? Alternative Structures kan die hoeke van Reghoekige Anti-Split plate in 'n produksie proses afsny. Dit beteken dat u nie-standaard grootte plate op kort kennisgewing kan kry. Dit is baie nuttig veral vir pale met groot diameters of vir spesiale toepassings.

Merking:

- Ons het nou ook die vermoë om omgewingsbestande papieretikette te druk en te verskaf. Huidiglik verskaf ons papieretikette vir die identifisering van: Paal diameters ; mynhout verskaffer en produk datum identifisering, asook uitvoer "peeler log" identifikasie. Hierdie etikette kan strepieskodes (bar codes) hê vir produk- of toerustingkontrole. Vir meer permanente merking kan ons die etikette van aluminium maak.
- Alternative Structures maak 'n groot verskeidenheid merkers: Sinkplateerde staal, aluminium, plastiek en papier. Daar is verskeie unieke vorms: *rond*, 5 kantig, *vierkantig*, *reghoekig*,ovaal, wat kan vassit met eie beentjies, spykers of met die rand van die "doppie". Hierdie unieke vorms kan gebruik word vir spesiale kliënte of toepassings.

- Omni-Kleur® is nou beskikbaar in enige kleur en met drukwerk van u eie keuse. Drukwerk word in swart met 'n "hot foil" proses aangebring wat dit duidelik leesbaar en permanent maak.
- Vir Telkom of uitvoerpaalmerking vervaardig ons nou 'n 50mm diameter aluminium merker. Dit gee u 'n 23% groter skryfspasie - dus meer inligting of meer leesbaarheid. Daarmee saam gaan daar doelgemaakte ponse om die veranderlike inligting self aan te bring op 'n maklike manier.
- Vir Eskom toepassing maak ons die 75x50mm aluminium merker met serienommer en alle ander voorgeskrewe vaste inligting reeds daarop.

Versending:

- PX houers - ons stuur nou al tot 5 van hierdie handige, goedkoop houers per week wat 'n aanduiding is van die sukses en nuttigheid daarvan vir ons kliënte - klein en groot.
- Alternative Structures vertrou dat die nuwe kleurkodeerde sakke waarin ons u versendings doen, nie net meer professioneel lyk nie, maar ook help met meer akkurate voorraad opnames.